higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 3

(1011033)

10 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

364Q1S2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

QUESTION 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Vaste bates op 'n plaas wat bydra tot sy behoorlike funksionering:

A Swaardiens
B Infrastruktuur
C Trekkers
D Grond

1.1.2 Belasting of tarief wat by 'n grens of hawe betaal word sodat 'n kommoditeit in daardie land toegelaat word:

A Landboustasie
B Plase
C Invoerbelasting
D Lughawe

1.1.3 Tyd van die jaar wat gebruik word om gewasse te verbou of diere te voer om te verkoop:

A Produksieseisoen
B Oestyd
C Ploegtyd
D Verkoop van produkte

1.1.4 Chemikalieë wat geproduseer word om te verkoop wat in landbou gebruik word:

A Bespuiting
B Groothandelaars
C Plaas- chemiese bespuiting
D Landbouchemikalieë

1.1.5 Om 'n klein deel van 'n groter groep te gebruik om inligting oor die hele groep te kry.

A Data
B Monsterneming
C Produksie
D Verkenning

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die waarde van natuurlike hulpbronne soos grond, lug en water staan bekend as …

A natuurlike kapitaal.
B infrastruktuur.
C vaste struktuur.
D los struktuur.

1.1.7 Die waarde van alles wat op die plaas geproduseer word, word ... genoem.

A produkte
B opbrengs
C bruto produksiewaarde
D waardetoevoeging

1.1.8 Omgewings of toestande waarin persone, diere, plante of besighede bestaan of werk:

A Instandhouding
B Bevolking
C Vaste bates
D Omgewing

1.1.9 … beteken om plae en siektes op te spoor en aan te teken.

A Verkenning
B Data
C Monsterneming
D Insameling

1.1.10 Beleid wat gemik is op die beperking van invoere om goedere van plaaslike produsente teen mededinging te beskerm:

A Markwaarde
B Markbeskerming
C Vervoermark
D Verkoopsmark

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Lening met die doel om eiendom soos 'n huis of grond te koop

1.2.2 'n Besigheid se vermoë om 'n wins te maak 

1.2.3 Naam van die hele groep waarvan monsters geneem word

1.2.4 Enige manier om boodskappe te stuur en ontvang deur telefone, radio of televisie te gebruik

1.2.5 Iets wat oorbly, gewoonlik ná sekere prosesse

1.2.6 Om 'n bevolking in groepe in te deel en lede dan ewekansig te kies

1.2.7 Om skoon te maak, reg te maak en olie te gee sodat die plaas se infrastruktuur in 'n goeie toestand is

1.2.8 Besigheid of middelman wat 'n kommoditeit op so 'n manier aanbied dat verbruikers dit begeer en daarvoor sal betaal

1.2.9 Oordrag van goedere van produsent/middelman na kleinhandelaar of ander groothandelaar 

1.2.10 Besighede wat kommoditeite óf gedeeltelik óf heeltemal omskep in 'n vorm wat verbruik word

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A en skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Kostes wat styg en daal afhangend van produksie	A	geboude hulpbronne
1.3.2	Monsterneming sonder spesifieke patroon of plan	B	invoer
1.3.3	Om goedere van ander lande te koop en dit na Suid-Afrika te bring	C	vaste koste
1.3.4	Kostes wat nie in die korttermyn kan verander nie	D	uitvoer
1.3.5	Verkoop en stuur van goedere na ander lande	E	veranderlike koste
1.3.6	Elektrisiteit, skoon water, sanitasie en vullisverwydering	F	ewekansig
1.3.7	Fisiese strukture soos paaie en geboue	G	multilaterale handel
1.3.8	Besoekers aan wildplase wat 'n fooi betaal	H	verspreider
1.3.9	Uitruiling van dinge tussen meer as twee partye	I	bedrywighede
1.3.10	Lys van verskillende take wat gedoen moet word	J	bewarings-bewerking
		K	basiese dienste
		L	inkomste uit landboutoerisme

(10 × 1) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 'n Werkplan wat die plaaseienaar opstel verander nooit en bly dieselfde tot die einde van produksie.

1.4.2 Vraag verwys na hoeveel van 'n produkverbruikers bereid is om teen 'n gegewe prys te verkoop.

1.4.3 Koste wat nie direk aan 'n produk of onderneming toegewys kan word nie, word bokoste genoem.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Aartappels word geoes wanneer die vel hard genoeg is sodat dit nie tydens die oesproses afgevryf kan word nie.

1.4.5 As 'n boer R10 000 bestee om 'n hektaar kool te produseer, sal die gelykbreekpunt R10 001 wees.

(5 × 1) (5)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B

VRAAG 2

Jy is die bestuurder van Ntumeni Farm en is verantwoordelik vir sekere aktiwiteite op die plaas.

2.1 Noem VIER maniere waarop jy data kan insamel oor 'n probleem op die plaas. (4)

2.2 Noem VIER metodes om grondmonsters te neem wat jy kan gebruik vóór jy begin plant. (4)

2.3 Noem DRIE instrumente wat gebruik word om die hoeveelheid water in die grond te meet. (3)

2.4 Beskryf kortliks hoe jy elk van die volgende sal doen:

2.4.1 Versamel voorraad-data (2)

2.4.2 Verhoed dat gereedskap en toerusting wat onder jou beheer is, misbruik of gesteel word (5)

2.5 As bestuurder moet jy seker maak dat die arbeiders altyd werk het. Een manier om dit te doen om om hulle op buurplase te laat werk.

2.5.1 Noem DRIE metodes wat jy kan gebruik om uit te vind of buurplase ekstra arbeid benodig. (3)

2.5.2 As TWEE werkers vir twee dae gebruik word om verkenning vir plae op buurplase te doen, en jy hef R76,00 per dag per arbeider, wat is die inkomste vir hierdie werk? Toon ALLE berekenings. (3)

2.6 Noem SES aspekte (onderopskrifte) wat ingesluit moet word in die verslag wat jy moet skryf oor die data wat jy ingesamel het. (6)
[30]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die tabel hier onder en klassifiseer die koste as óf VERANDERLIKE KOSTE óf VASTE KOSTE. Skryf slegs 'Vaste' of 'Veranderlike' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOSTE	TIPE KOSTE
Bestuur se salarisse	3.1.1
Kontrakwerk	3.1.2
Elektrisiteit	3.1.3
Telefoonhuurgeld	3.1.4
Permanente arbeid	3.1.5
Eiendomsbelasting	3.1.6
Los arbeid	3.1.7
Versekering vir gewasse en diere	3.1.8
Versekering vir geboue, voertuie en masjinerie	3.1.9
Gehuurde vervoer	3.1.10

(10)

3.2 Rangskik die aktiwiteite hieronder in die volgorde wat 'n entrepreneur tydens 'n produksiesiklus moet uitvoer. Skryf die vraagnommers (3.2.1–3.2.4) in die volgorde van die aktiwiteite in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 Verkoop die produkte aan verskeie markte.

3.2.2 Gebruik kontant om vir uitgawes soos inset en lone te betaal.

3.2.3 Kry kontant as betalings vir die goedere wat geproduseer is.

3.2.4 Produseer goedere soos gewasse om te verkoop en lewende hawe om geslag te word.

(4 × 1) (4)

3.3 'n Werkplan is 'n geskrewe dokument wat verskillende bedrywighede in die plaasbesigheid behels en die volgorde waarin dit gedoen moet word.

3.3.1 Noem en gee voorbeelde van elk van die NEGE groepe waarin plaasbedrywighede ingedeel kan word. (9)

3.3.2 Noem en verduidelik kortliks enige SES oorsake van veranderings aan die werkplan.

(6 × 2) (12)

[35]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF belangrike faktore wat die langtermyn lewensvatbaarheid van 'n landbou-onderneming beïnvloed. (5)

4.2 Onderskei tussen vaste koste en veranderlike koste. (4)

4.3 Gee VYF fisiese funksies van 'n doeltreffende bemarkingstelsel waarop die sukses van 'n landboubesigheid staatmaak. (5)

4.4 Watter maatskappy is die hoofverskaffer van elektrisiteit in Suid-Afrika? (1)

4.5 Hoe sal jy bepaal of 'n boerdery-onderneming 'n lewensvatbare opsie is? (4)

4.6 Gee SES redes waarom grensdrade belangrik is op plase. (6)
[25]

VRAAG 5

5.1 'n Boer belê R40 000,00 om hoë-gehalte organiese melk te produseer. Aan die einde van die eerste jaar is sy inkomste uit die melkonderneming R60 000,00.

5.1.1 Wat was die boer se opbrengs op die belegging? (5)

5.1.2 Was die opbrengs positief of negatief? Staaf jou antwoord. (2)

51.3 Noem VYF reëls en regulasies wat 'n boer moet weet voordat hy sy melk uitvoer. (5)

5.1.4 Noem DRIE aanduiders dat 'n landboubesigheid ekonomies volhoubaar is. (3)

5.2 Onderskei tussen *kontantuitvloei* en *kontantinvloei*. (2)

5.3 Waarom is dit belangrik dat 'n boer die gelykbreekpunt bereken? (2)

5.4 Omskryf SES take om die plaasinfrastruktuur in stand te hou. (6)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 115
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou